**DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS**

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb ŉ duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**

Susters Bank: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom** Potchefstroom.

## DIAKONIE SE KOSKAS




**Vir die Diakonie se koskas: gooi ŉ ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.**

Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta,

*(Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).*

## Ons laaste hamburgerbraai voor die winter

## *HAMBURGERBRAAI*



**Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai**

**VRYDAGMIDDAG**

**29 MEI 2026**



Ons kuier gesellig saam vanaf 17:00 by die saal.
Vir ŉ bestelling bel Pieter 082 923 1384 of by die kerkkantoor ☏ 018 294 4600

**R 35** per hamburger. **Worsbroodjies R 35**



# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 42, nr 17 Sondag 24 Mei 2026

*REDAKTEUR:* RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@jenny.co.za

**Eredienste**: 09:30 en 17:00
**Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600**
**Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis: Paul Schutte**
**Web:** www.gkpotchefstroom.co.za
**Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
**E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurt by eredienste en kategese:**
**Ouderlinge:** Wyk 9 **Harm Stavast** en Wyk 10 **Fanie Jooste**
**Diaken:** Wyk 9 **Ruan van Heerden** en Wyk 10 **Pieter Jooste**
**Teebeurt: Susters van Wyke 8 & 9. Ina Roos en Marli Nortjé**

## EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk,

***Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers***

**Oggenddiens 9:30, aanddiens 17:00 Eredienste ook per whatsapp**

**OGGEND PINKSTERSONDAG**
**Woordbediening:** Efesiërs 4:1-5:5.
**Fokusvers:** Efesiërs 4:30.
**TEMA:** *Jy is deur die Heilige Gees verseël met die oog op die dag van bevryding - moet Hom nie bedroef nie!.*
**Sing:** Skrifberyming 8-2 [13]: 1, 2, 3, 9; Psalm 104:1, 2, 17, 18; Skriberyming 8-3:1; Skrifberyming 8-1 [14]:1, 2; Skrifberyming 1-1 [24]:1, 6, 7.
**Sing met meelewing:** Psalm 145:10, 11.

**EREDIENS om 17:00**
**Woordbediening:** Titus 1. **Fokusverse:** Titus 1: 5, 13
**Kerkorde:** Kerkorde, artikel 7.
**TEMA:** *Ter wille van die gesondheid van sy kerk moet Woord-bedienaars op ŉ bepaalde plek gevestig wees.*
**Sing:** Psalm 147: 4; Psalm 147: 1, 5; Psalm 87:1, 2, 5; Psalm 80:1, 2; Psalm 73:11, 12 (na die wegstuurseën).

**KOLLEKTES VANOGGEND: Diens van Barmhartigheid** in die **BLOU** sakkies en in die **ROOI** sakkies vir die **Emeritaatsversorging.**
Volgende week: **Teologiese Studentekas**
**VANAAND:** Diens van Barmhartigheid (BLOU) en Kerkkas (Rooi

# LIEF EN LEED   *OOG VIR MEKAAR*

**MEEGEVOEL**
Ons betuig ons innige meegevoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

**VOORBIDDING**
Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

**André Joubert** wat nog sukkel met sy suurstofvlakke.

**Charlotte Henderson** het Donderdag 'n operasie aan haar hand ondergaan.

**Susan Nortjé** wie se gesondheid die laaste tyd weer onder geweldige druk verkeer.

**Prof. Callie Coetzee** het, na sy besoek Dinsdag aan die chirurg en onkoloog, Donderdag en Vrydag verdere toetse ondergaan met die oog op behandeling deur die onkoloog.

**Susan Coetzee** ondergaan Maandag weer 'n buisruilings-prosedure in Unitas Hospitaal.

**Ria Buys** wat palliatiewe sorg in die versorgingseenheid van Huis Eikelaan ontvang.

**Jesse Niemand** het Dinsdag 'n afspraak met die chirurg gehad en moet oor ses maande 'n opvolg-besoek bring. Die ligging van die gewas is van so 'n aard dat chirurgie 'n absolute laaste uitweg is.

**Dean du Plooy** het Donderdag 'n opvolgbesoek by die ortopediese chirurg.

**Tjaart du Plessis** het die afgelope tyd las van vog op sy longe as gevolg van hartversaking.

*Ons doen voorbidding vir ons broers en susters wat in die onderskeie versorgingseenhede versorg word:*

***Huis Eikelaan:*** Srs. Lily Pretorius, Mien Prinsloo, Emmarensia Stoop, Johanna van Vuuren, Ria Serfontein, Hermien van der Spoel en Willie van der Walt.

***Ons Hulde:*** Sr. Rita Schutte. ***Groenwilgers:*** Sr. Annatjie Kruger.
***Huis Anna Viljoen:*** Brs. Peet Buys en Fanie Coetzee, srs. Nanna du Plessis, Jeanette Fourie, Ronnie van Tonder en Tienie Venter.

**DANKBAARHEID**
Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

**HUWELIKSHERDENKINGS**
Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliks-herdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe (huweliksformulier)!

| Dag | Datum | Naam & van |
|---|---|---|
| Sondag | 24/05 | **Dean en Barbara du Plooy (13 jaar)** |
| Maandag | 25/05 | **Jan-Charl en Anel Venter (13 jaar)** |
| Vrydag | 29/05 | **Fanie en Emmarentia Jooste (50 jaar)** |

## *VERJAARDAE*

Hartlik geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardae vier! Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot eer van sy Naam!

| Dag | Datum | Naam & van |
|---|---|---|
| So | 24/05 | **Chris de Goede**. Wyk 5<br>**Marli Nortjé**. Wyk 9 |
| Ma | 25/05 | **SW Engelbrecht** (6). Wyk 9 |
| Di | 26/05 | **Hanlie Bartlett** 065 074 6472. Wyk 1 |
| Wo | 27/05 | **Mart-Mari Engelbrecht**. Wyk 9 |
| Wo | 27/05 | **Danie Stoop**. Wyk 9 |
| Do | 28/05 | **Clarine Meyer** (Roscher). Wyk 8<br>**Frikkie Venter** 082 803 1570. Wyk 9 |
| Vr | 29/05 | **Lara Kroeze.** Wyk 4 |

**Bede met meelewing:** Psalm145: 10 en 11

## ALGEMENE AFKONDIGINGS

### DAGBOEK

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak. | | | | |
| Do | 28/05 | 10:30 | Bybelstudie (2 Korintiërs) | Kerksaal |
| | | 17:00 | Susters bestuursvergadering | |
| **Vr** | **29/05** | **17:30** | **GEMEENTEAAND EN HAMBURGERBRAAI** | Kerkterrein |
| Sa | 30/05 | | Emeritaatsversorgings-kombinasie-vergadering | Virtueel |
| Vr | 05/06 | | ***Susters Pannekoek*** | P & P Van der-Hoffpark |
| Sa | 06/06 | | ***Susters pannekoek*** | |
| Sa | 20/06 | 08:30 | **WINTERFEES** | KERKTERREIN |

| KATKISASIE | Sondag 24 Mei | Sondag 31 Mei |
|---|---|---|
| **Hoërskoolkatkisasie** | Les 12 (RL) | Les 13 (JvD) |
| **Laerskoolkatkisasie** | (JvD) | (RL) |
| **Lesrooster:** | Rut 1 - 4 | 1 Samuel 3 |
| **Psalmvers:** | Psalm 64: 7 (melodie Ps 45) | Psalm 65: 2 |
| **Heidelbergse Kategismus:** | Sondag 39 | Sondag 40 |
| **Memoriseerwerk** | Eksodus 20: 13 | Eksodus 20: 14 |

**BYBELSTUDIE** U word hartlik uitgenooi om by enige van die Bybelstudiegeleenthede in te skakel:

- Donderdagoggend om 10:30 bestudeer ons 2 Korintiërs 3 en die toepassing word dan in besonder gemaak op trauma.
- Die Bybelstudie by Huis Eikelaan staan oor tot verdere kennisgewing.

**TER APPROBASIE:** Die naam van **Nelis Coetsee** word ter approbasie aan die gemeente voorgehou vir dienswerk as ouderling met werksterrein wyk 5.

**LOSMAKING AS DIAKEN:** Die kerkraad het dit goedgekeur om aan diaken **Coetzer Stoop** eervolle losmaking uit die diens van diaken te gee.

**ATTESTATE** Ons het verlede week afskeid geneem van Berdien Kairuz en haar dogter, Leané, wat gemeenskap met die Gereformeerde Kerk beëindig het en hulle by Duet-gemeente gevoeg het.
Ons het ook afskeid geneem van Carmi Huisman en Mia Huisman wat gemeenskap met die Gereformeerde Kerk beëndig het en hulle by die Metodiste Kerk gevoeg het.

## *VAN ONS SUSTERS*

- Ons het verlede Sondag heerlik saamgeëet en gekuier na Nagmaal. Baie dankie aan die susters wat verantwoordelik was en besonder dankie aan Koos Nortjé vir daardie heerlike potjie! Die samesyn was regtig besonders!
- Ons volgende pannekoekbakgeleentheid is DV op **5 en 6 Junie**. Jy kan solank bestanddele bring as jy wil, die lys van benodigdhede is op die susters se WA-groep. Die baklys is in die saal beskikbaar, sit jou naam asb op. Dit is ook 'n heerlike kuiergeleentheid.
- Ek herinner aan ons verkoping wat vanjaar DV op **20 Junie**, in die vorm van 'n WINTERFEES plaasvind.
  Ek is seker almal is al druk besig met werk en beplanning Die wyksusters se lyste is by **Marli** beskikbaar! Kry dit asb vandag sodat jy kan begin insamel.

Mag dit 'n geseënde week wees! *Groete Alta*

**OOSDOPPERFEES**
**Vrydagmiddag** 29 Mei 2026 16:00 – 21:00
Kom saam met ons by
Gereformeerde Kerk, Potchefstroom-Oos, Paryslaan

**GEREFORMEERDE KERK POTCHEFSTROOM-SUID**
**Saterdagoggend** 30 Mei 2026
Fondsinsamelingsgeleentheid
**Ondersteun ons by Klerkstraat Potch-Suid**